



**SENWES BEPERK**

**(Registrasienuommer 1997/005336/06)**

**(hierinlater verwys na as "Senwes")**

**VERDERE WINSOPDATERING: GOEIE PRESTASIE KWARTAAL 4 (Q4)**

Aandeelhouders van Senwes Beperk word hiermee in kennis gestel dat daar 'n redelike mate van sekerheid bestaan dat die genormaliseerde wesensverdienste vir die 12 maande geëindig 30 April 2022 wesenlik hoër sal wees en word voorsien dat dit ongeveer 55% (vyf en vyftig persent) hoër sal wees as die van die vorige vergelykbare periode. Die verhoging in die genormaliseerde wesensverdienste is onder ander toeskryfbaar aan die stadiger uitlaai van graan, wat aanleiding gegee het tot hoër opbergingsinkomste asook die realisering van die sinergieë vir die volle jaar voortspruitend uit die implementering van die Suidwes samesmelting.

Gedurende Q4 het die resultate ook verhoog weens hoër winsgewendheid van die marktoegang-en insetkanaalsegmente. Die hoër resultate is voorts geskoei op die positiewe kontantvloei posisies van die Senwes kliënte basis wat onder andere aanleiding gegee het tot verhoogde verkope van landboutoerusting. Verdragings in die voorsieningsketting van produksie insette en toerusting wat later as verwag ontvang is as 'n direkte gevolg van die Russiese inval van Oekraïne het ook hoër as verwagte Q4 resultate gelewer.

Senwes sal sy jaarlikse finansiële resultate vir 30 April 2022 op of ongeveer op 6 Julie 2022 publiseer.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

***EM Joynt (Mev)***

**GROEP MAATSKAPPYSEKRETARIS**

***Tel nr. (018) 464 7104***

***Klerksdorp***

***21 April 2022***